

**25 Desember**

**Lukas 2:8-12; (Teks: 2:12)**

***Kersfees - die mag van die magtelose***

Elke jaar maak Kerstyd iets in mense los - heimwee, blink kindergies, roekelose feeste, skietstilstandsooreenkomste op oorlogsfronte, pelgrimsoptogte, vol kerke, 'n vreemde opwelling... Dit is asof almal iets verwag!

Dalk is dit - óók vir ongelowige mense - die mag van die "magtelose" God. Dat die Almagtige dit waag om só magteloos-afhanklik te word: 'n Babatjie in 'n voerkrip!

- Hy beskaam jou met sy nederigheid

Die einste Kindjie van die krip ry later Jerusalem op 'n donkie binne. Dit was die gewone, arm mens se voertuigie (wêreldse konings en rykes sou altyd op 'n perd ry - nooit op 'n donkie nie!). Sien jy? Sy mag is sy nederigheid (Sag 9:9; Joh. 12:12-19).

- Hy verras jou met sy dienswilligheid

Dié Kripleind was op 'n keer sy volgelinge se vuil voete, een vir een. Dit was 'n slaaf se taak. Só wys Hy: Sy mag is sy diens (Joh. 13:1-17).

- Hy red jou met sy offer

Dié Dienaar blaas sy laaste asem uit aan 'n wrede Romeinse kruis. Dié magtelose oomblik. Dié krip (en die donkie en die kruis) is 'n teken: Dit wys jou in jou wêreld waar jy so spook om kop bowater te hou: Die mag van vry willige oorgawe, van dienswilligheid en opofferende liefde, is selfs vir die sterkste te sterk.

Verlustig jou gerus daarin, liewe Christen, én pas dit self toe - as die brute meedoënloosheid van jou leefwêreld vandag vir jou te veel wil raak.

Sing: Skrifberyming 4:3, 4

Ds. J. Botha (Laeveld)